

27 Julie

Openbaring 20:11 -15; NGB 37

Ons derde oordeel: Voor die regterstoel van Christus

Die Here maak aan ons bekend dat alle mense wat ooit gelewe het op 'n bepaalde dag voor Christus sal verskyn om geoordeel te word. Hoe? Ja, die "boeke" word geopen! Twee boeke: Die boek van die lewe en die boek van ons woorde en dade. In die boek van die lewe staan al die name van die uitverkorenes. Almal wat God van voor die begin van die wêreld aan Christus gegee het. Almal vir wie Christus gesterf het. Nie een word gemis nie.

In die boek van die woorde en die dade staan alle mense se doen en late opgeskrywe. Elkeen sal geoordeel word volgens wat hy of sy "gedoen" het, "of dit goed was of kwaad". Hiermee saam sal almal se gewetens oopgaan, wat die oordele van God as waar en getrou sal bevestig. Maar dan is dit vir altyd te laat. Om goed te doen en reg te lewe is daar net een kans. Hier op aarde!

Daar is nog 'n belangrike saak wat ons moet weet: Wat van ons gelowiges se sondes en ongeregthede? Sal ons ons skaam voor God en al die engele? Nee, die sondes wat ons erken en bely het, is vir altyd uitgewis: *Al was dit rooi soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu. Die Here het dit agter sy rug gewerp, Hy dink nooit weer daaraan nie*, sê Jesaja. En ons moedswillige sondes? Die vuur van God se geregtigheid sal dit wegbrand (1 Kor. 3:13 ev.). Mag ons daarom nou so lewe dat ons dan sal hoor: Mooi so, oor weinig was jy getrou oor veel sal ek jou aanstel! Paulus sê: Op daardie dag sal ek my kroon ontvang. Sien jy ook uit na daardie wonderlike dag?

Dr. N.P. Heystek (Wapadrant)